**SiVEST Environmental**

51 Wessel Road, Rivonia
PO Box 2921, Rivonia
2128
Gauteng, South Africa

Phone + 27 11 798 0600
Fax + 27 11 803 7272
Email info@sivest.co.za
www.sivest.co.za

Established 1952

DOS verwysing: Graskoppies - **14/12/16/3/3/2/1017**
Hartebeest Leegte -**14/12/16/3/3/2/1015**
Ithemba - **14/12/16/3/3/2/1016**
!Xha Boom - **14/12/16/3/3/2/1018**

Ons verwysing: 13622 – Windplase

Datum: 12 April 2018

Geagte Belangstellende en/of Geaffekteerde Party / Belanghebbende,

**KENNISGEWING VAN OMGEWINGSMAGTIGING (OM) VIR DIE BEOOGDE ONTWIKKELING VAN DIE !XHA BOM WINDPLAAS NABY LOERIESFONTEIN, NOORD-KAAP PROVINSIE**

- **DOS Verwysings No: 14/12/16/3/3/2/1018**

Ons stel u hiermee in kennis dat die Finale Omgewingsimpakevalueringsverslae (FOIEv's) vir die beoogde Graskoppies Windplaas (**DOS Verwysing No.: 14/12/16/3/3/2/1017**), Hartebeest Leegte Windplaas (**DOS Verwysing No.: 1/12/16/3/3/2/1015**), Ithemba Windplaas (**DOS Verwysing No.: 14/12/16/3/3/2/10176**) en !Xha Boom Windplaas (**DOS Verwysing No.: 14/12/16/3/3/2/1018**) op die **22ste Januarie 2018** deur die Departement van Omgewingsake (DOS) ontvang is vir oorweging.

Die DOS het, nadat hulle die dokumentasie nagegaan het, Omgewingsmagtiging (OM) uitgereik kragtens die Nasionale Wet om Omgewingsbestuur (NEMA) (Wet 107 van 1998) en die Regulasies op Omgewingsimpakevaluerings (OIE-regulasies) 2014, soos gewysig, vir die ontwikkeling van een (1) van die vier (4) bogenoemde Mainstream Windplase naby Loeriesfontein in die Noord-Kaap Provinsie (namelik die !Xha Boom Windplaas).

Daar moet kennis geneem word dat die DOS tot dusver reeds OM's uitgereik het vir die ontwikkeling van twee (2) van die vier (4) bogenoemde voorgestelde projekte, naamlik die Graskoppies Windplaas en Hartebeest Leegte Windplaas. Die kennisgewing van OM vir hierdie twee (2) bogenoemde projekte is egter afsonderlik uitgestuur op die 29ste Maart 2018. Daarbenewens, die OM vir die voorgestelde Ithemba Windplaas is nog nie deur die DOS uitgereik nie. Daarom, sodra die DOS 'n besluit oor die aansoek vir hierdie voorgestelde projek uitreik, sal 'n kennisgewing afsonderlik uitgestuur word.

Die OM vir die bogenoemde !Xha Boom Windplaas is op die **29ste Maart 2018** uitgereik en gedateer. Op grond van die inligting wat voorsien is en onderhewig aan voldoening aan die voorwaardes van die OM, is die DOS tevrede dat die applikant gemagtig kan word om die afgesette aktiwiteite vir die bogenoemde beoogde projek te onderneem.

Die redes wat hiervoor gegee word, is onder andere:

**!XHA BOOM WINDPLAAS:**

- Die identifisering en evaluering van impakte is uiteengesit in die OIEv gedateer 17 Januarie 2018 en voldoende evaluering van die belangrike geïdentifiseerde kwessies en impakte is afgehandel.
- Die prosedure wat vir impakevaluering gevolg is, is voldoende vir die besluitnemingsproses.
- Die beoogde versagting van impakte wat geïdentifiseer en geëvalueer is, perk die geïdentifiseerde impakte na behore in.
- Die OBPr het die versagtingsmaatreëls vir die voorkonstruksie-, konstruksie- en rehabilitasiefase van die ontwikkeling voorgestel en is in die OIEv ingesluit. Die versagtingmaatreëls sal geïmplementeer word om die geïdentifiseerde omgewingsimpakte tydens die konstruksiefase te bestuur.

Indien enige persoon teen enige aspek van die besluit wil appelleer, moet hy/sy ’n appèl by die administrateur van appèlle indien en ’n afskrif van die appèl aan die applikant, enige geregistreerde belangstellende en geaffekteerde party en enige staatsinstansie met belangstelling in die saak indien binne twintig (20) dae vanaf die datum waarop die kennisgewing van die besluit deur die applicant aan die geregistreerde belangstellende en geaffekteerde partye gestuur is; of die datum waarop die kennisgewing van die besluit deur die Departement aan die applikant gestuur is, wat ookal van toepassing is, by wyse van die volgende metodes:

Per Pos: Departement van Omgewingsake
Privaatsak X447,
Pretoria,
0001; **of**

Per Hand Environment House
Steve Biko weg 473,
Arcadia,
Pretoria,
0083;

**Appèlle moet skriftelik ingedien word by:**

Mnr. Z Hassam, Direkteur: Appèlle en Regsoorsig van die DOS by die bogenoemde adresse.

Tel: 012 399 9356
E-pos: Appealsdirectorate@environment.gov.za

Neem asseblief kennis dat appèlle nie slegs na SiVEST gestuur moet word nie.

Dit moet in ag geneem word dat die OM op SiVEST se webwerf beskikbaar gestel is: http://www.sivest.co.za/, klik op *‘Downloads’* en blaai dan na die gids ‘*13622 Mainstream Wind Farms*’.

Vir meer inligting, tree asseblief in verbinding met SiVEST by:

**SiVEST Environmental**: Stephan Jacobs
Tel: (011) 798 0600
Fax: (011) 803 7272
Email: stephanj@sivest.co.za

Raadpleeg asseblief die aangehegte riglyne oor die administrasie van appèlle vir besonderhede aangaande die appèlproses.

Ons bedank u vir u deelname aan die Omgewingsimpakevalueringsprosesse (OIE-prosesse) en omdat u deel was van die openbare deelnameproses tydens die OIE vir die bogenoemde beoogde projekte. U deelname was waardevol, word hoog op prys gestel en is ’n belangrike faktor om te help met die opstel van die OM.

Die uwe,

Andrea Gibb
Senior Bestuurder
**SiVEST Omgewingsafdeling**

Ingeslote Dokumentasie: Riglyne oor die administrasie van appèlle